

7 April

**Skrifgedeelte: Matteus 13:44-49**  
**Fokusgedeelte: Matteus 13:44**

### **Die waarde van God se koninkryk is onvergelykbaar**

Met die laaste drie gelykenisse oor die koninkryk van God, in hulle plasing direk na dié van die koring en onkruid se verklaring aan die dissipels (vs 36) en die konklusie in verse 51 en 52, sien ons daar word met die dissipels gepraat en nie die menigte nie. Dit beteken dat die oordra hiervan verduidelikend is en nie om te verberg nie (vs 10-17).

In die gelykenis van die verborge skat wys Jesus ons dat die koninkryk van God in waarde onoortreflik is; daarom, wie dit raaksien, sal met alle vreugde en gemak van alles afsien om hierdie skat te bekom.

'n Uitstekende verklaring hiervan vind ons in Paulus se opmerking in Filippense 3:8: "... ek beskou alles as waardeloos, want om Christus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry ..."

Met die volgende gelykenis gaan dit, net soos by die vorige, om die vreugdevolle ontdekking van die heerlijkheid van God. Natuurlik is ons verlossing nie te koop of in geldwaarde te bereken nie, dit is 'n gawe van God (Jes. 55:1, 6). Die enigste manier van "koop" is om dit volwaardig toe te eien – te aanvaar as jou eie vanweë die genadewerking van God, deur jou geloof in Christus. Ja, selfs die geloof is 'n gawe van God (Ef. 2:8). So word ons die koninkryk van God deelagtig langs die pad van soek en vind (Luk. 11:9).

In die laaste gelykenis van die sleepnet word as't ware vir ons die samevatting van die groep van gelykenisse gegee met die klem op die *bymekaarbring* (vs. 47) en die *skeiding* (vs. 48). Hier wys Jesus die dissipels as vissers van mense (4:19), dat hulle in gedagte moet hou dat nie alle mense wat deur die evangelie saamgebring word, van harte tot bekering kom en in Christus glo nie. Die finale oordeel berus by God en sy engele in uitvoering daarvan.

Ons wat in die net van die evangelie saamgesleep word, moet beseft dat blote kennis van die Woord nie voldoende is nie. Ons moet met hart en siel Christus volg en elke hindernis daartoe aflê.

*Sing: Psalm 86:6 (1936)*

*Ds. JE Franck (Ladysmith/Glencoe)*